*SAPRA (South African Pagan Rights Alliance) tree nie op as formele regsverteenwoordiger nie, maar in 'n raadgewende kapasiteit [https://paganrightsalliance.org/about-sapra/](https://paganrightsalliance.org/about-sapra/)*

**SOUTH AFRICAN PAGAN RIGHTS ALLIANCE**
**NPC 2018/620182/08**

*www.paganrightsalliance.org* *info@paganrightsalliance.org*

## Godsdiensvryheid: H/S Eldoraigne 01/03/2023

Geagte Hoërskool Eldoraigne,

*SAPRA* is 'n nie-winsgewende organisasie wat veg vir die gelyke hantering en beskerming van minderheidsgroepe, tradisies en gelowe in (onder andere) publieke skole, werksplekke -en ander instellings of kontekste in die publieke belang. Daarom wil ons graag 'n formele skrywe aan u rig, vanweë die feit dat dit onlangs onder ons aandag gebring is deur middel van 'n anonieme klag, van 'n senior leerling (vorentoe beskou as "die klaer") in julle skool, waarna ons bevind het dat:

1. Skoolreëls in die personeel en leerder dagboeke – wat aan elke leerling en personeellid in die skool verskaf word – 'n streng, strafbare verbod plaas op sekere (minderheids gelowe/nie-gelowe/spiritualiteite se) praktyke, simbole, tradisies -en verwante uitsprake in die skool.
2. Die skoolreëls ***(Addendum A)*** in teenstryd is met die **SA Grondwet (1996)** deur sekere beperkings te plaas op leerders se onaantasbare regte tot gelykheid ***art.*** **9(3-5)**, vryheid ***art.*** **12(1)b & (2)b**, vryheid van spraak, gewete, geloof ***art.*** **15(1) & (2)b,c**, uitdrukking ***art.*** **16(1) & (2)**, en assosiasie ***art.*** **18**.
3. Skoolreëls 15 - 17 teenstrydig is met ***art.*** **7** van die **Suid-Afrikaanse Skolewet (84 van 1996)** en die **SA Grondwet (1996)**, asook dat Graadhoofde vrye teuels het om leerders te verplig om kerkdienste en verwante geloofsbyeenkomste by te woon, sonder die opsie om geldiglik

bywoning te weier, op grond van individuele gewete -en oortuigings ***(vgl. Addendum B)***.

4. Eldoraigne se skool-grondslag as 'n publieke skool, wat uitsluitlik die skool as 'n Christelike skool verklaar: lynreg in teenstryd is met die 2017 Hooggeregshof beslissing in die saak tussen **O.G.O.D. (Organisasie vir Godsdiens Onderrig en Demokrasie) *v.* L/s Randhart en Ander (29847/2014)** – waar dit in ***par.*** **102(a)i & ii** as onwettig verklaar is, vir publieke skole om hulself formeel en uitsluitlik met 'n enkele geloofsoortuiging te vireenselwig ***(vgl. Addendum C)***.
5. Die skool daarom, na aanleiding van ***par. 96*** van die bogenoemde hofuitspraak ***(Addendum D)***, asook met al die voorafgaande punte inagenome: openlik en onredelik diskrimineer ***art*. 1(a) & (b)** van die **Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbilike Diskriminasie (4 van 2000)** teen ander nie-Christelike / nie-hoofstroom geloofs/ongeloof sienswyses, en spiritualiteite in die skool.
6. Eldoraigne daarom onredelik en onbilik inbraak maak op leerders se menseregte, deur hulself doelbewus uitsluitlik as 'n Christelike skool te ag en sekere regte te beperk, verbied of ander daaropgrond te bevoordeel.

Na aanleiding van die bogenoemde 6 punte, bekragtig deur ***Addendae A, B, C en D*** wil ons u graag uitnooi om die besware, wat ons (namens leerders, ouers en gemeenskapslede soos die klaer) op die hart dra en aanteken, in ag te neem. Deur sodoende op te tree -en die skoolreëls aan te pas om 'n meer inklusiewe, bilike, akkomoderende, en onvoorwaardelik-liefdevolle gees te verteenwoordig.

Suid-Afrika beskik oor 'n diverse kulturele, etniese en geloofs demografie; daarom bemoei ons, onsself met die verantwoordelikheid om op te staan teen onregverdige geloofsbevoordeling, en sodanig 'n stem te wees vir diegene wat andersins moontlik deur mede-leerders en onderwysers teenkanting sou kry, wanneer hul – hul stemme dik maak teen diskriminasie, rakende belange wat hulle persoonlik affekteer, of ná aan die hart lê, maar nie noodwendig die oortuigings van die meerderheid -of BL nie.

Dit is daarom van kardinale belang, dat spesifiek Afrikaanse publieke skole in die 21ste-eeu inklusiwiteit begin toon, teenoor andersdenkendheid (i.t.v. geloof) deur

wetsgehoorsaam te wees. En sodanig die belange van die leerders – veral diegene wat verag, geboelie en gemarginaliseer word, weens hul anders-denkende sienswyses, ook te beskerm en die ander leerders bloot te stel aan ander wêreldperspektiewe. Skole is immers instellings vir kritiese onderrig, nie geloofs indoktrinasie nie.

As alternatiewe geloofs organisasie in Suid-Afrika, poog ons dus nié om geloof uit skole te verwyder nie, maar eerder (indien nodig) skole soos Hoërskool Eldoraigne aan te moedig, om 'n groter diversiteit en inklusiwiteit te reflekteer in hul geloofsbenaderinge tot onderwysers en leerders. Ons bereik hierdie doel, deur ontslae te raak van argaïese, afgunstige -asook stigmatiese benaderings tot 'die vreemdeling (onbekende)' in die gemeenskappe/instellings waar hul betrokke is.

Geloofsgelykheid, wetsgehoorsaamheid, en die bevordering daarvan is integraal tot ons missie. Dus is verwante sake nie onderhandelbaar nie. U sal dus ook sien dat alle name van die betrokke partye m.b.t. die klag wat gelê is (insluitend die "klaer") anoniem gehou is, om potensiële viktimisering te vermy, weens die sensitiwiteit en plofbaarheid van die saak. Ons bewering is dat dit nie 'n individuele probleem is nie, maar eerder die produk van 'n groter (onbilike) bestel.

Groete,


**Tristán Kapp** *(SAPRA Executive & Paralegal)*



# ***ADDENDUM A: H/S Eldoraigne Skoolreëls (Dagboek)***

## (A 1.1) Diskriminasie & Vryheid van Geloof

Foto wettiglik verskaf deur klaer op 28 Februarie 2023 omstreeks 18:07, as hoof bewysstuk aangaande hul oorspronklike vermelding dat Eldoraigne openlik teen minderhede diskrimineer en daarvolgens nie godsdiensvryheid promoveer nie.



...dissiplinêre aksie.

**15. SATANISME, OKKULTIESE AKTIWITEITE EN TOORDERY**

15.1 Satanisme, okkultiese aktiwiteite en/of toordery en praktyke of gebruike en/of kentekens en rituele daarvan word streng op die skoolterrein of tydens enige skoolaktiwiteit of buite die skoolterrein verbied.

15.2 Die verkondiging, besit of verspreiding van enige artikels, literatuur oor die onderwerp, asook afpersing, intimidasie, viktimisasie, aanranding of dreigemente van aanranding en enige werwing van ander leerders en of enige ander persoon, sal onder geen omstandighede geduld word nie en is 'n oortreding van die skool se gedragskode.

**16. BEOEFENING VAN TRADISIONELE MEDISYNE EN VERWANTE AKTIWITEITE**

Die beoefening/verskaffing/bevordering van bogenoemde deur enige leerder ter enige tyd op die skoolterrein of tydens enige skoolaktiwiteit op of vanaf die skoolterrein, sonder die toestemming van die BL, word nie toegelaat nie, dit sluit in die verskaffing van enige stof aan enige leerder om in te asem, te eet, te verbruik, in te neem, te snuif of gebruik op enige ander manier in of op hul liggame aan te wend.

**17. GODLASTERING EN LASTERLIKE TAAL**

Die gebruik van lasterlike of vulgêre taal, uitdrukkings en gebare deur leerders van die skool of waar sodanige leerder as leerder van die skool geïdentifiseer kan word, is streng verbode. Dit sluit in vulgariteite wat op klere, artikels, boeke, eiendom, skoolbanke ens. tentoongestel word of aangebring is.

**18. DREIGEMENTE, TEISTERING, TREITERING OF AFPERSING**

18.1 Dreigemente van geweld, besering, teistering, intimidasie, afpersing en treitering is verbode. Treitering is enige handeling wat 'n ander persoon verneder, degradeer, misbruik of in gevaar stel ondanks die ander persoon se gewilligheid om deel te neem. Fisiese, verbale of geskrewe teistering of misbruik van enige persoon of enige ander optrede wat enige ander persoon op die skoolterrein of tydens skoolfunksies, uitstappies of aktiwiteite bedreig of fisies of emosioneel in gevaar stel of die veiligheid van die persone bedreig, is verbode.

18.2 Seksuele teistering / wangedrag van seksuele aard: Leerders mag geen aanmerking, grap, dreigement of ongepoetste gebaar met 'n seksuele karakter maak wat ander leerders, personeel of besoekers aan die skool kan aanstoot gee nie.

**19. DIEREMISHANDELING**

Enige leerder wat hom/haar skuldig maak aan dieremishandeling op of vanaf die skoolterrein waar sodanige leerder met die skool geassosieer kan word sal aangekla word van ernstige wangedrag.

**20. DIEFSTAL**

20.1 Geen artikels mag uit stoor- of klaskamers of van die skool- of sportterrein verwyder word sonder die verantwoordelike opvoeder se toestemming nie.

20.2 Geen leerder mag 'n ander leerder se persoonlike eiendom neem of vat en/of gebruik sonder uitdruklike toestemming van die ander leerder nie. Gevolglik mag 'n leerder ook nie 'n ander leerder se eiendom deursoek of daarin krap nie, dit sluit in tasse, sluitkassies, sportsakke en/of kleredrag.

115

HOËRSKOOL ELDORAIGNE – PERSONEELDAGBOEK 2023 – #eldosgeeom

***“15. SATANISME, OKKULTIESE AKTIWITEITE EN TOORDERY”***

***15.1*** *“Satanisme, Okkultiese aktiwiteite en/of toordery en praktyke of gebruike en/of kentekens en rituele daarvan word streng op die skoolterrein of tydens enige skoolaktiwiteit of buite die skoolterrein verbied.”*

***15.2*** *“Die verkondiging, besit of verspreiding van enige artikels, literatuur oor die onderwerp, asook afpersing, intimidasie, viktimisasie, aanranding of dreigemente van aanranding en enige werwing van ander leerders en of enige ander person, sal onder geen omstandighede geduld word nie en is ‘n oortreding van die skool se gedragskode.”*

---

**(A 1.2)** Leerders het die volste reg om hulself met enige geloofs/nie-geloofs ideologie te vereenselwig, soos gestipuleer in punt 2 van hierdie dokument. Dit sluit Satanisme, Heidense praktyke, Okkultiese (Esoteriese) filosofieë in: daar is sedert 2010 toenemende akademiese navorsing oor hierdie praktyke in Suid-Afrika gedoen, ***(Addendum D)*** deur gesaghebbende akademici soos Prof. Nicky Falkoff (Universiteit van die Witwatersrand); Prof. Sandra Swart & Dr. Danielle Dunbar (Universiteit van Stellenbosch); Dr. Dale Wallace (Universiteit van KwaZulu-Natal), Dr. Johanneke Kroesbergen-Kamps (Universiteit van Pretoria) – onder andere, wat bewys dat daar geen wettiglike, feitelike of kontekstueel-verdedigbare rede is, dat daar sensuur en verbod op hierdie praktyke / sienswyses en verwante literatuur asook simbole geplaas behoort te word nie – tensy dit skooleiendom / ander leerders op ‘n strafregtelike wyse affekteer nie.

***“16. BEOEFENING VAN TRADISIONELE MEDISYNE EN VERWANTE AKTIWITEITE”***

*“Die beoefening/verskaffing/bevordering van bogenoemde deur enige leerder ter enige tyd op die skoolterrein of tydens enige skoolaktiwiteit op of vanaf die skoolterrein, sonder die toestemming van die BL, word nie toegelaat nie, dit sluit in die verskaffing van enige stof aan enige leerder om in te asem, te eet, te verbruik, in te neem, te snuif of gebruik op enige ander manier in of op hul liggame aan te wend.”*

---

**(A 1.3)** Leerders het die grondwetlike reg tot vryheid en sekuriteit; om nie onregmatiglik of onredelik van hierdie vryhede ontneem te word nie. Leerders het ook die reg tot alleen seggenskap oor wat met hulle liggame kan en mag gebeur. Dus, veronderstel 'n Christen-leerling besluit om een pouse saam met sy/haar vriende nagmaal te doen, of salwingsolie saam skool toe te bring en ander leerders te salf en voor te bid vir eksamen-stres, of (soos Jesus in die Bybel) siektes te probeer genees m.b.v. die heilige gees – behoort die skool dit ook te belet, weens die feit dat daar geen onderskeibare verskil is tussen nagmaal, salwing en die beskrywing van wat die skoolreël verbied as *"tradisionele medisyne en verwante aktiwiteite"* nie. As een kind voorgetrek word in die klaskamer, is dit onbilik en onregverdig teenoor die ander leerders. Dus is ons van mening dat reëls 15 en 16 onregverdig, onbilik en onwettig is.

***"17. GODSLASTERING EN LASTERLIKE TAAL"***

*"Die gebruik van lasterlike of vulgêre taal, uitdrukkings en gebare deur leerders van die skool of waar sodanige leerder as leerder van die skool geïdentifiseer kan word, is streng verbode. Dit sluit in vulgariteite wat op klere, artikels, boeke, eiendom, skoolbanke ens. tentoongestel word of aangebring is."*

---


**(A 1.4)** Die grondwet bepaal dat leerders vryheid van spraak en uitdrukking kan geniet, solank dit nie die onaantasbare regte van ander leerders / personeellede nadelig beïnvloed nie. Persoonsreg in Suid-Afrika onderskei tussen twee persone: **(i) natuurlike persone** en **(ii) regspersone (uitsluitend diere -en afgestorwe persone)**. Gode, en by uitstek 'godslastering', vorm dus nie deel van die Suid-Afrikaanse regspraak se legislatiewe raamwerk nie. Asook, weens dat 'laster' (volgens Eksodus 20:7) teologies-gesproke, en volgens die Joodse Priesterlike tradisie in die Pentateug (TaNaKh), die uitspreek of uitskrywing is van die שֵׁם הַמְּפֹרָשׁ (*shem ha'meforash*) "verbode naam" nl. יְהוָה (Yahweh/YHWH), wat aan Moses in die woestyn openbaar is. Dus is bv. "jirre/jissis" nie dieselfde as 'strafregtelike laster' -oftewel om iemand se menswaardigheid te taan (*crimen injuriae*), d.m.v. "haatspraak" nie, soos beskryf in ***art. 4(1),*** **Wet op die Voorkoming en Bekamping van Haatmisdade en Haatspraak (9 van 2018).** Die naaste teks

wat so soort gesindheid versinnebeeld in die Bybel, is 1 Korintiërs 12; tog word "laster", eerstens, nie eenmaal in die hele teks genoem nie. Tweedens, Jesus is nie god nie (maar 'die seun' van een, volgens die Christelike leer, maar tog nie volgens die Jode nie). Dus, derdens, kwalifiseer hy nie onder 'godslastering' nie. En ook nie as regspersoon nie, want Jesus is feitelik al meer as 2000 jaar terug oorlede. Verder, as 'n leerder nie glo nie, is hy/sy in elk geval nié onderhewig aan die Bybel as moreel-etiese maatstaf nie, dus is dit onbilik en onwettig om 'n leerder te straf vir definisielose kwansuise "godslastering" of "lasterlike taal". En so 'n klousule hoort dus nie in skoolreëls nie.

## ***<u>ADDENDUM B – Verpligte Geloofsaktiwiteite</u>***

'n Skermskoot van 'n boodskap per *WhatsApp*, gestuur op 18 September 2022 om 12:57 is wettiglik verskaf deur die klaer op 28 Februarie 2023 omstreeks 18:10, waarin daar bewyse verskaf word dat daar deur 'n graadhoof gekommunikeer word oor "verpligte kerkdienste".

### (B 1.1 & 1.2) Verpligte Kerkdienste



*“Hallo julle*

*Daar is twee **verpligte kerkdienste** wat die LR bywoon elke jaar. Moreleta gemeente en dan ook Doxa Deo Raslouw. Sien hier die uitnodiging na Moreleta se se diens op 23 Oktober [2022] en dagboek dit so asb. Hulle gee altyd verversings vir julle na die tyd. Julle ouers is ook baie welkom om die diens by te woon.”*

**(B 1.3) Die Feite**

- Die klaer het laat blyk dat hul godsdiens beoefening met die van die skool s’n verskil.
- Die klaer het in hul kommunikasie aan ons laat blyk dat, alhoewel die skool sê hulle verplig dit [geloofsverwante deelnames] nie, skep hulle terselfdertyd nie ‘n veilige omgewing om verskilligheid (spesifiek rakende die kerkdienste) te lug nie.
- Daar is ook beaam, deur die klaer – met betrekking tot die gedragskode – dat sou daar ‘n gewetensbeswaar aangeteken word, teen die “verpligte kerkdienste”. Voel hul dat dit moontlik ‘n skriftelike waarskuwing tot gevolg sal hê rakende “blatante versuim of minagting van gesag” [sic.].
- Die skool se gedragskode ***(A 1.1)*** beskou minagting as “*Skedule 1 - Ernstige wangedrag*” volgens die klaer.
- Ná drie waarskuwings, volgens die gedragskode en die klaer, word LR-lede gevolglik streng van hul posisie onthef.
- Die klaer het beaam dat daar spekulasie / onduidelikheid is, oor die veiligheid daarvan om so ‘n uitkoms se regverdigheid te bestry in ‘n dissiplinêre verhoor.

**(B 1.4) Moreleta Kerkdiens 23/10/2022**

In ‘n tweede skermskoot, wettiglik verskaf deur die klaer op 28 Februarie 2023 omstreeks 18:12, word daar deur dieselfde graadhoof gestipuleer in ‘n *WhatsApp*-boodskap gestuur, skynbaar ‘n paar dae voor ‘n kerkdiens om 12:32, wat sou geskied op 23 Oktober [2022] om 18:15 by *Moreleta Kerk*.

***“Laat weet my asb as jy dit nie bywoon nie met ‘n geldige rede. Sperdatum hiervoor is Donderdagmiddag 13 Okt 17:00.*** *As jy my nie voor dan laat weet het nie en jy woon dit nie by nie gaan ek maar ‘n mondelinge waarskuwing gee want hiérdie groep LR sukkel baie met stiptelikheid en sperdatums”*


### (B 1.5) Die Feite

- Die klaer se besware bly dieselfde soos met **B 1.1**.
- Daar is onduidelikheid oor wat klassifiseer as 'n "geldige rede" om nié 'n geloofsbyeenkoms by te woon, wat volgens ***art. 7*** van die **Suid-Afrikaanse Skole Wet (84 van 1996)** veronderstel is om vrywilliglik vir leerlinge en personeel te wees nie.
- Daar hoef nie 'n geldige rede te wees om nié 'n kerkdiens/erediens by te woon, sou die individuele leerling of personeellid dit nie wou bywoon nie.
- Die erediens uitnodiging van *Moreleta Kerk* beaam streng dat dit "fokus op jongmense en die belangrikheid van Christenleierskap" [sic.]
- Dus, gesamentlik met die afdwingbare verpligting van eredienste, voldoen die skool-verwante erediens ook nie aan die **SA Skole Wet** se "bilike grondslag" as voorvereiste nie.
- Hoërskool Eldoraigne behoort dus volgens wet 1) alle godsdiens in die skool verbied, of 2) alle godsdienste te akkomodeer, deur nie een bo 'n ander uit te sorteer nie.

## ***ADDENDUM C – (Ekslusiewe) Christelike Grondslag***

### (C 1.1) *Hoërskool Eldoraigne "Christelike grondslag"*

Foto van die skool se 2023 erekode in klaer se eie Dagboek, wettiglik verskaf op 28 Februarie 2023 omstreeks 18:15.



die krag en die vuur van die jeug (groen) in sy suiwerheid van strewe (wit) na roepingsvervulling, wat ten beste weergegee kan word in die woorde van Fil. 4:8

**"....alles wat waar, eerbaar, regverdig, rein, lieflik en loflik is."**

Binne in die skild is 'n gestileerde vlam in drie vlakke teen die agtergrond van die Suiderkruis.

Die vlam is simbolies van die Christelike grondslag van ons strewe. Die drie vlakke waarin die vlam verbeeld word, versinnebeeld die drie wesenskenmerke van die Christelike geloofsuitlewing: Geloof, Hoop, Liefde - die Geloof wat 'n vaste vertroue is op wat ons Hoop en wat deur die Liefde geopenbaar word.

Die Suiderkruis wys heen op ons land- en volkverbondenheid. As kinders van die land, 'n volk onder die Suiderkruis, wil ons ons roeping vervul. Die vyf sterre waarin die Suiderkruis uitpunt, is sinnebeeldig van die karakteradel van deursettingsvermoë, regverdigheidsin, liefde vir die eie, tradisievastheid en godsdienssin.

**(C 1.2) *Prospektus Hoërskool Eldoraigne 2018*** (verkry 28 Februarie 2023 by https://doplayer.nl/96591476-Prospektus-hoerskool-eldoraigne.html)

# Simboliek van ons wapen

VERVUL JOU ROEPING

HOëRSKOOL **ELDORAIGNE**

Die simboliek van ons wapen hang nou saam met ons leuse:

## Vervul jou roeping

Die twee kleure van die wapen, wit/silwer teen die groen agtergrond of groen teen 'n wit agtergrond, het simboliese verband met die leuse. Dit simboliseer die krag en die vuur van die jeug (groen) in sy suiwerheid van strewe (wit) na roepingsvervulling, wat ten beste weergegee kan word in die woorde van Fil. 4:8

### "….alles wat waar, eerbaar, regverdig, rein, lieflik en loflik is."

Binne in die skild is 'n gestileerde vlam in drie vlakke teen die agtergrond van die Suiderkruis.

Die vlam is simbolies van die Christelike grondslag van ons strewe. Die drie vlakke waarin die vlam verbeeld word, versinnebeeld die drie wesenskenmerke van die Christelike geloofsuitlewing: **Geloof, Hoop, Liefde** - die Geloof wat 'n vaste vertroue is op wat ons Hoop en wat deur die Liefde geopenbaar word.

Die Suiderkruis wys heen op ons land- en volkverbondenheid. As kinders van die land, 'n volk onder die Suiderkruis, wil ons ons roeping vervul. Die vyf sterre waarin die Suiderkruis uitpunt, is sinnebeeldig van die karakteradel van **deursettingsvermoë, regverdigheidsin, liefde vir die eie, tradisievastheid en godsdienssin.**

## ***ADDENDUM D – BRONNELYS VIR VERDERE NAVORSING***

**(D 1.1) Organisasie vir Godsdienste-Onderrig en Demokrasie v Laerskool Randhart and Others (29847/2014)**
http://www.saflii.org/za/cases/ZAGPJHC/2017/160.html

**(D 1.2) Prof. Nicky Falkof, Department Media Studies, Universiteit van die Witwatersrand:**

**a)** (2010) Apartheid's Demons: Satanism and Moral Panic in South Africa
**b)** (2012) 'Satan has come to Rietfontein': Race in South Africa's Satanic Panic
**c)** (2015) Satanism and Family Murder in Late Apartheid South Africa
**d)** Imagining the End of Whiteness / The End of Whiteness: Satanism and Family Murder in late-Apartheid South Africa
**e)** (2018) The Satanism Scare in Apartheid South Africa
**f)** (2019) Sex and the Devil: Homosexuality, Satanism, and Moral Panic in Late Apartheid South Africa
**g)** (2020) On Moral Panic: Some Directions for Further Development

**(D 1.3) Prof. Sandra Swart & Danielle Dunbar, Department Geskiedenis, Universiteit van Stellenbosch:**

**a)** **Dunbar & Swart** (2012) 'No less a foe than Satan himself': The Devil, Transition and Moral Panic in White South Africa, 1989–1993
**b)** **Dunbar** (2012) The Devil's Children: Volk, Devils and Moral Panics in White South Africa, 1976 – 1993

**(D 1.4) Dr. Dale L. Wallace, Skool van Relegie, Filosofie & Klassieke literatuur, Universiteit van KwaZulu-Natal:**

**a)** (2012) Healers, Heretics and Witches: African Diviners and Pagan Witches Contest the Boundaries of Religion and Magic in Africa
**b)** (2015) Rethinking religion, magic and witchcraft in South Africa: From colonial coherence to postcolonial conundrum
**c)** (2017) Pagan Identity Politics, Witchcraft, and the Law: Encounters with Postcolonial Nationalism in Democratic South Africa

**(D 1.5) Dr. Johanneke Kroesbergen-Kamps & Tristán Kapp, Department Relegie Studies, Universitiet van Pretoria**

a) **Kroesbergen-Kamps** (2013) Dreams and Nightmares of Modernity: Accusations and Testimonies of Satanism in Zambia
b) (2014) Accusations of Satanism in the Public Sphere
c) (2018) 'In Afrika geloven ze nog in hekserij': Reflecties op een ongemakkelijke uitspraak
d) (2018) Speaking of Satan in Zambia: The persuasiveness of contemporary narratives about Satanism
e) (2020) Witchcraft after modernity: old and new directions in the study of witchcraft in Africa
f) **Kapp** (2020) Satan as plagiarised social reality: exploring the fundamental ontology of embodied evil
g) (2022) The 'Satanic Panic': exploring the influence of film in formulating narratives surrounding the lived religion of the Occult and its practitioners
h) (2022) Satan speaks: Satanism and the post-apartheid scare of 'the other' in a Christian hegemonic South Africa

******EINDE******

